
# DIE FONTEIN

## OUD GEREFORMEERDE KERK ~ JANUARIE 2025




**Openbaring 21:6**

"En Hy het vir my gesê: Dit is verby! Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde. Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet."

# MAANDAG KATKISASIE.

(Bernardus Smytegelt.)

## Die Saligmakende kennis van God.

---

**Vraag:** Wat is die allerbelangrikste vir die mens?

**Antwoord:** Dat hy mag Salig word.

**Vraag:** Is dit wel die wens van die mens?

**Antwoord:** Ja! Selfs ’n goddelose Bileam sê: “My siel sterf die dood van die opregte.” Dit was wel sy begeerte maar in werklikheid het hy nie geweet wat hy wens nie.

**Vraag:** Was die wens van Bileam dan nie goed nie?

**Antwoord:** Dit was nie genoeg nie, want sy wens was alleen om die dood van die opregte te sterf.

**Vraag:** Maar wat moet ’n mens dan wel wens indien hy die begeerte het om Salig te mag word?

**Antwoord:** Drie dinge:

- Eerstens dat die mens in sy lewe bekeerd mag word en in ’n versoenende staat met God te kan lewe.
- Tweedens, dat wanneer ’n mens tot sterwe kom, hy met sy siel by God mag wees.
- Derdens, dat die mens in die opstanding met siel en liggaam God mag verheerlik.

**Vraag:** Wie ervaar hierdie begeerte in die hart?

**Antwoord:** Alleen God se uitverkore kinders. Dit is die wens van die opregte van hart in wie die Heilige Gees heerskappy voer. Dit is ’n wens wat alleen deur God se Genade aan Sy uitverkore geslag geskenk word.

**Vraag:** Is dit die algemene wens van God se volk?

**Antwoord:** Ja, eerstens hulle ervaar ’n innerlike begeerte om bekeer te word. Klaagl. 5 vers 21:

**“Bekeer ons tot U, HERE, dan sal ons ons bekeer; vernuwe ons dae soos in die voortyd.”**

Hoogl. 1 vers 4:

**“Trek my agter u aan, laat ons gou maak!”**

’n Geslag met ’n gebroke hart en ’n verslae gees, vanweë al hul sonde en hul vele oortredinge kry hulle ’n walging in hulself en maak hulle hulself ook wys dat hulle vir ewig en altyd ongelukkig sal wees. Hierdie skuldgevoel en belydenis van sonde ken en ervaar elke verloregaande sondaar nooit in die hart nie.

Tweedens, die uitverkore geslag se begeerte is, indien hulle sou sterf dat hulle met hul siel by God mag wees. Jakob sê in Gen. 49 vers 18:

**“Op u verlossing wag ek, HERE!”**

En die Apostel Paulus sê in Filip. 1 vers 23:

**“Want ek word van weerskante gedring: ek het verlange om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste;”**

Die moordenaar aan die kruis:

**“Here dink aan my as U in U Koninkryk kom.”**

Stefanus sê:

**“Here Jesus, ontvang my gees!”**

Dit is die geluk van God se kinders dat hulle hierdie belydenisse met nederige en vrymoedigheid kan uitspreek en sê.

(vervolg.)



# DIE INSTITUSIE.

(Johannes Calvyn.)

## ONDERWYSING IN DIE CHRISTELIKE GODSDIENS

### Hoofstuk 1.

### ***Die kennis van God en van onsself is ten nouste met mekaar verbind.***

1. Die hoofsom van ons wysheid bestaan uit twee dele, die kennis van God en die kennis van onsself. Die twee is egter met so baie bande aan mekaar verbind dat dit moeilik is om te bepaal watter een van die twee die eerste is en die oorsprong van die ander een.

Want ten eerste kan niemand homself betrag nie, sonder om dadelik sy gedagtes te rig op God, in wie hy leef en beweeg volgens Hand. 17: 28:

***"want in Hom lewe ons, beweeg ons en is ons, soos sommige van julle digters ook gesê het: Want ons is ook sy geslag."***

Dis tog duidelik dat ons die begaafdhede wat ons besit, nie aan onsself te danke het nie. Ja, ons bestaan selfs is 'n bestaan in God.

Maar dis veral ons armoede, ons nietigheid en verdorwenheid waarin die val van die eerste mens ons gewerp het, wat ons tot die insig bring dat alleen in die Here die bron van alle ware wysheid en suiwere geregtigheid te vind is. Deur vrees wakker geskud leer ons so om ootmoedig te wees.

Die kennis van onsself dryf ons dus om God te soek, en dit lei ons aan die hand om Hom te vind.

2. Aan die ander kant staan dit ook vas dat die mens nie tot suiwer kennis van homself kan kom voordat hy God nie aanskou het nie. Want deur die hoogmoed wat ons ingebore is, is ons altyd regverdig, wys en heilig in ons eie oë, totdat ons deur grondige bewyse oortuig word van ons onregverdigheid, verdorwenheid en dwaasheid. Hiervan word ons alleen dan oortuig as ons op die Here sien. Dit gaan met ons soos met iemand wat op die middel van die dag kyk na wat hy rondom hom op aarde sien. Dan mag hy dink dat sy oog sterk en goed is. Maar as hy opkyk in die son, word sy oog meteens verblind en moet hy erken dat sy oog wat goed sien as hy na die dinge op aarde kyk, swak is as hy na die son kyk.

Só gaan dit ook met die oordenking van ons geestelike goedere. Solank ons nie verder as die aarde kyk nie, is ons heeltemal tevrede met ons wysheid, mag en geregtigheid, maar as ons, ons gedagtes ophef tot God en bedink hoedanig Hy is en hoe volmaak die geregtigheid, wysheid en mag is waaraan ons moet beantwoord, word ons geregtigheid ongeregtigheid, ons wysheid dwaasheid, ons mag onmag in ons eie oë.

3. Dit word bevestig deur die voorbeeld van die heiliges in die Skrif. Hulle word deur huiwering en skrik oorweldig in die teenwoordigheid van God. Hulle word so geskok dat hulle soos dooies neerval:

Rigt. 13 : 22;

***"En Manóag sê vir sy vrou: Ons sal sekerlik sterwe, omdat ons God gesien het."***

Jes. 6 : 5;

***"Toe het ek gesê: Wee my, ek is verlore! Want ek is 'n man onrein van lippe en woon onder 'n volk wat onrein van lippe is; want my oë het die Koning, die HERE van die leërskare, gesien!"***

Eseg. 1 : 28;

***"Soos die gedaante van die boog wat in die wolk is op 'n reëndag, so het die glans rondom gelyk. So het die verskyning van die heerlikheid van die HERE gelyk. En toe ek dit sien, het ek op my aangesig geval en die stem gehoor van Een wat spreek."***

Eseg. 3 : 14;

***"Toe het die Gees my opgehef en my weggeneem, en ek het gegaan, verbitterd in die grimmigheid van my gees; maar die hand van die HERE was sterk op my."***

Gen. 18 : 27;

***"En Abraham antwoord en sê: Kyk tog, ek het dit gewaag om met die Here te spreek alhoewel ek stof en as is."***

So bedek die serafs hulle ook voor die aangesig van God volgens Jes. 6 : 2;

***"Serafs het bo Hom gestaan; elkeen het ses vlerke gehad: met twee het hy sy aangesig bedek, en met twee het hy sy voete bedek, en met twee het hy gevlieg."***

As God sy heerlikheid laat uitstraal, sê die profeet, sal selfs die skitterendste wat ons ken, die son se glans, in vergelyking daarmee donkerheid word Jes. 24 : 23;

***"En die maan sal rooi word van skaamte, en die son sal skaam wees; want die HERE van die leërskare sal regeer op die berg Sion en in Jerusalem, en voor sy oudstes sal daar heerlikheid wees."***

Al hang dus die kennis van God en van onsself ten nouste saam, eis 'n goeie orde van behandeling tog dat ons eers spreek oor die kennis van God en daarna oor die kennis van onsself.

(vervolg.)



**’n Instrument in die Hand van die HERE te Wittenberg.**

---

## Hoofstuk 1.

## ’n Droom wat g’n bedrog was nie.

Alle kinders droom. Jy seker ook, nie waar nie? Die een keer so snaaks en grappig dat jy van die lag wakker word, op ’n ander keer so benoud en aaklig, dat jy met n geskreeu wakker word, sodat Moeder verskrik kom vra wat dan tog verkeerd is. Gelukkig dat drome in die reel nie uitkom nie.

Drome is bedrog, “sê die spreekwoord met reg. Tog was dit nie die geval van alle drome nie.  Die broers van Jakob was baie jaloers op Josef omdat hy drome gehad het, waaraan hulle geloof geheg het. Ons weet hoedat Josef se drome twintig jaar later op ’n haar uitgekom het, toe hy as onderkoning oor die hele Egipteland geheers het, en sy broers eerbiedig voor hom moes neerbuig. Die drome het uitgekom, omdat hulle deur God gestuur was.

In latere eeue het so iets maar selde gebeur. Meer as vierhonderd jaar gelede het daar egter in Duitsland ’n wyse vors geleef, wat ’n merkwaardige en betekenisvolle droom gehad het. Die droom het onmiddellik uitgekom, want somaar die volgende dag het daar iets so gewigtigs gebeur, dat al die mense daaroor gepraat het. Ons dink vandag nog, meer as vier eeue daarna, met aangename herinnerings terug aan daardie gebeurtenis. Ja,

solank as die Christelike godsdiens bestaan, sal daardie gebeurtenis nooit vergeet word nie.

Dit was op die more van die 31 ste Oktober 1517. Die vrome keurvors van Sakse, Frederik die Wyse, het sy verblyf in die vorstelike en aangename kasteel in Schweinitz gehad, ses myl van Wittenberg af. Hy het graag daar vertoef. Sy broer, Hertog Hans, het met sy hele gevolg oorgekom om die fees by te woon, wat die volgende dag in Wittenberg sou gevier word. Dit was die fees van “Allerheilige”, en duisende mense uit die omtrek sou na die kerk van Wittenberg stroom.

Dit was nog vroeg in die môre. Albei die Saksiese vorste was reeds op en het mekaar as geselskap opgesoek. Frederik is egter stil en afgetrokke. Hy sê g’n woord nie en tuur somber voor hom uit.

Wat is verkeerd broer? Vra Hertog Hans. “Het jy sleg geslaap?”

“Baie sleg,” antwoord Frederik. Maar dit is bedrog, sit so iets maar uit jou kop uit.”

“Onmoontlik,” roep Frederik uit, “al word ek duisend jaar, dan sal ek nooit die droom vergeet nie. Farao het tweemaal dieselfde droom gehad, ek het myne driemaal oor gedroom.”

“Was dit ŉ goeie of slegte droom, Frederik?” “Dit weet God alleen, Hans. Maar ek sal jou die droom vertel. Onderwyl ek slaap het God ŉ vrome monnik na my toe gestuur. dit was ŉ jongman met ŉ eerbiedwaardige voorkoms, iemand wat my aan Apostel Paulus laat dink het. Rondom die monnik het al die heiliges gestaan, en almal het op hom gewys en vir my gesê: Moenie daaraan twyfel dat hierdie monnik waarlik van God na jou gestuur is nie. Wat verlang jy? vra ek toe aan die jong monnik verbaas.

Ek vra u in Gods Naam verlof om enige woorde op die deur van u slotkerk in Wittenberg te mag skrywe, sê hy op besliste toon.

Nadat ek toestemmend geantwoord het, haal hy n pen te voorskyn en begin skrywe.

“Hoe verbaas was ek oor die letters! Hulle was so groot dat ek hulle hier, op ŉ afstand van ses myl kon lees. En wonder bo wonder, onder die skrywe het sy pen al langer geword so lank dat dit eindelik dwarsoor die hele Duitsland en die Alpe tot in Rome, die hoofstad van die Christendom, gestrek het. Daar het ŉ leeu gelê wat deur die lang pen uit sy rus verstoor was, want die agterkant daarvan het deur sy een oor gedring en aan die

ander kant uitgekom. Die pen het nog langer geword. Dit het teen die driedubbele kroon van die Pous gestoot, wat op die punt was om van sy hoof van die Heilige Vader af te val.

"Ek het my arm uitgesteek om die pragtige kroon te ondersteun. Ek was verontwaardig en wou die onhandige monnik vra waarom hy die lompe pen nie beter kon hanteer nie, toe ek wakker skrik en gewaar word dat ek gedroom het.

"Onwillekeurig het ek nagedink oor wat ek soëwe in my slaap gesien het en voor ek wis waar ek was het ek opnuut begin droom. Daar sien ek toe weer die monnik. Dapper het hy aangehou met skrywe en opnuut met sy pen vir die leeu gesteek, wat sy maanhare hewig geskud het en 'n gevaarlike brul gelos het. Die hele bevolking van Rome het op die been gekom; ook die Duitse vorste het gekom om te vra wat gaande was. Die driedubbele kroon het hewig gewaggel en die Pous het ontsteld vir die vorste gevra om tog die onbeskaamde monnik te verwyder. Veral jy moet dit doen, sê die Pous vir my, want die monnik sit op jou grondgebied te skrywe. Ek wou aan die versoek voldoen en die monnik wegja, maar toe skrik ek wakker en alles het verdwyn. Geen monnik, geen pen, g'n vors, g'n Pous meer nie, alles was weg!

"Diep onder die indruk van hierdie droom het ek my hande gevou en tot God gebid om die Heilige Vader en die Kerk onder sy beskerming te neem, en toe sluimer ek vir die derde maal in.

Sou die droom dan nooit ophou nie?

Weer sien ek die monnik skrywe. Die leeu brul woedend en die Heilige Vader het dringend om ons hulp gesmeek. Ons gryp toe almal die reusagtige pen en probeer om dit te breek. Ook het ons probeer om sy punt van die Heilige Vader af te verwyder, maar dit was alles tevergeefs. Hoe meer ons, ons inspan hoe harder het hy gekras asof hy van yster was, sodat dit deur my siel gesny het. Die een na die ander het weggeloop na die vergeefse pogings.

Waarom is die pen tog so styf en taai, dat ons almal saam hom nie kan buig nie? vra ek toe vir die monnik.

Wel, antwoord hy dit is afkomstig van 'n gans wat honderd jaar gelede verbrand is.

“Toe herinner ek my meteens dat ŉ hoogleraar uit Boheme ŉ eeu gelede weens kettery op die brandstapel omgebring was. Sy naam was Hus en die naam beteken “gans”. Terwyl ek in die droom hieroor nadink, het ek ŉ geweldige geraas en geskreeu gehoor. Baie ander penne het uit die lang pen van die monnik gegroei. Almal begin toe te skrywe. Al die geleerdes van Wittenberg was hieroor verbaas en het gevrees dat hulle net so lank sou word soos die pen van die monnik. Almal sê toe dat daar iets belangriks sou gebeur.

Ek het my voorgeneem om met doe monnik te praat. Ek skrik egter wakker en dit was gelukkig môre. Dit is my droom. Wat dink jy daarvan broer?

ŉ Droom soos hierdie, sê Hertog Hans, mag ons nie ligvaardig verwerp nie. As ons nou hier maar iemand soos Josef of Daniël het, wat vir ons, verlig deur die Gees van God, dit kon uitlê.

Wat sê u daarvan? Vra hy meteens vir die geleerde hofprediker Spalatinus, wat die verhaal tot hiertoe swyend maar met groot aandag aangehoor het.

“U Vorstelike Genade moet my vergewe,” sê die waardige leraar. “Josef en Daniël het albei erken, dat God alleen verborge dinge kon openbaar. Dieselfde God leef nog. U Vorstelike Genade moet hierdie droom voor God lê; die monnik het dikwels by grote here baie onheil gestig.

“Dit kan wees dat die monnik op bevel van God geskrywe het en dat al die heiliges by hom as getuies was. Dit kan ook wees dat die duiwel, wat hom dikwels as n engel van die lig voordoen, u wil bedrieg. Die beste ding om te doen is om die sake onder vurige gebed te oorweeg.

God sal, as die droom van Hom afkomstig is, alles tot sy eer weet en skik ons op sy tyd die uitleg daarvan bekend maak, en as dit iets kwaads beteken, mag Hy dit dan afweer!

“Amen!” sê die Keurvors Frederik.

Die dag daarop verneem die keurvors wat daar in Wittenberg plaasgevind het. Op 31 Oktober het n Augustyner monnik, wat ook professor aan die pasgestigte hoërskool in Wittenberg was, ŉ groot papier teen die deur van die kerk vasgespyker. Nuuskierig het die kerkgangers daarna gekyk maar die meerderheid van hulle kon dit nie lees nie, omdat die woorde daarop in Latyn geskryf was. Wat het daarop gestaan?

Dit was 95 punte of stellings waarin dr. Maarten Luther - want so het die monnik geheet - gesê het dat God die sonde nie vir geld vergewe nie, maar

verniet, en dat hy bereid was om hierdie gewigtige saak teen enige persoon in die openbaar te verdedig.

Klein oorsake het soms geweldige gevolge. Luther het, toe hy teen die end van Oktober so druk besig was aan die skrywe, nooit kon dink dat dae uit die vasspyker van die 95 stellings, soveel sou voortkom nie. Hy sou dit dan seker nooit durf doen het nie. Die barmhartige God het egter hierdie eenvoudige monnik gebruik om die lig van die Evangelie, wat toe reeds vir n lang tyd onder die maatemmer verberg was, op 'n kandelaar helder laat skyn.

Die monnik, wat die drievoudige kroon op die hoof van die Pous laat wankel het, was niemand anders as Luther nie. Sonder om dit te weet het hy op 31 Oktober 1517 met die hervorming van die Kerk begin, wat vir eeue lank deur allerhande dwalings besmet was. Nou nog, na meer as vierhonderd jaar, word die daad van die dapper monnik met dankbaarheid herdenk deur almal wat die Woord van God lief het.

Dit wil ons ook graag doen deur die hele geskiedenis van Maarten Luther nog 'n maal oor te vertel. My jong lesers sal seker, al weet hulle reeds iets omtrent die groot Hervormer, hierdie verhaal graag met aandag lees, want na die profete en die apostels het daar nog nie weer 'n man opgestaan wat so vol van die geloof en van die Heilige Gees was nie soos doktor Maarten Luther, die held van Wittenberg.

(vervolg.)



# PRESIDENT S.J.P. KRUGER

Paul Kruger was ŉ seun van Casper Jan Hendrik Kruger en Elsie Francina Steyn. Hy was ŉ lid van die sesde geslag Krugers van wie ons op Suid-Afrikaanse bodem hoor, en die naam van die stamvader kom in 1713 vir die eerste maal in ons land in ŉ dokument voor.

Hy is gebore 10 Oktober 1825 op die plaas Bulhoek distrik Colesberg (tans Steynsburg). Hy is op 19 Maart 1826 gedoop deur Ds. J. Taylor van Cradock en het die name Stefanus Johannes Paulus ontvang. Dit is baie waarskynlik dat die preekstoeltjie wat vandag in die kerksaal te Cradock staan, die preekstoel is waarvoor Paul Kruger gedoop is.

**DIE GROOT TREK.**

Voor die Groot Trek het Casper Kruger reeds in die Caledon-vallei in die huidige Vrystaat gestaan en in 1836 het hy en sy broer Gert by Potgieter se trek, wat uit die Tarka gekom het, aangesluit. In ŉ verklaring in 1893 het Paul Kruger self vertel dat die dramatiese gebeure van die Groot Trek in sy geheue gegrif is. Hy het in 1836 deelgeneem aan die heldhaftige verdediging van die laer by Vegkop onder leiding van Potgieter (naby Heilbron) waar die aanval van duisende Matabeles afgeweer is (Deur die Genade van die HERE). Daar het hy saam met die grootmense die voorlaaiers gehanteer en sy *"assegaaidoop"* ondergaan. Dit sou die eerste wees van die baie gevegte teen die naturelle waarin hy in die komende jare betrokke sou wees: van Zoutpansberg tot by Thaba Bosiu, en van Betsjoeanaland tot by die Zoeloegrens.

In Feb. 1838 was hy by sy vader se trek aan die Natal se kant van die Drakensberg toe Retief vermoor is. Hy het die laer help verdedig teen die aanval van dieselfde impi's wat die afgryslike moorde aan die Bloukrans- en Boesmansrivier gepleeg het en was ooggetuie van die grusame tonele wat die oorlewendes daar moes aanskou.

Die belangrikste leerboek waaruit Paul Kruger sy opvoeding ontvang het, was die Bybel. (Statenbybel met sy kantaantekeninge) Hy het daarin geleer lees en skryf, sy skool was die veld wat hy reeds deeglik leer ken het

toe sy pa se waens nog aan die Caledon gestaan het. Vir diegene wat meen dat hy nooit kon skrywe nie, is daar genoegsame bewyse van die teendeel te vinde in sy 284 amptelike briewe van voor 1877 wat in 1925 deur Prof. Dr. S.P. Engelbrecht gepubliseer is. Baie daarvan is eiehandig geskrywe en in die staatsargief in Pretoria is talryke voorbeelde van sy handskrif te sien.

In 1838 trek die Krugers oor die Vaalrivier na Mooirivier-dorp, nou Potchefstroom. Die dertienjarige Paul Kruger neem deel aan 'n ekspedisie teen Motselekatse by Silkaatsnek en skiet sy eerste renoster tydens hierdie kommando. Hy kom ook nou vir die eerste maal in die vrugbare streek ten noorde van die Magaliesberg (Rustenburg distrik) waar sy vader die plaas Zoutpansdrif bewoon.

# KALENDER.

## Geskiedenis:

- **1 Januarie 1484** – Ulrich Zwingli gebore (Wildhaus, Switserland)




**Deuteronömium 33 : 9**

***"Want hulle het u woord bewaar en u verbond gehou."***

Die leier van die Reformasie in Switserland.

Hy het geleer dat die hoeksteen van godsdiens die Bybel is, die Bybel is die waarheid: enigiets wat nie in die Bybel is nie, is nie die waarheid nie.

Hy sterf (11 Oktober 1531 slag van Kappel te Zürich, Switserland) 'n wrede dood tydens 'n geveg met Rooms-Katolieke troepe.

- **19 Januarie 1563** – Heidelbergse Kategismus verskyn.


KEURVORS FREDERIK III VAN DIE PALTZ


ZACHARIAS URSINUS



CASPER OLEVIANUS

Die Heidelbergse Kategismus is op versoek van keurvors Frederik III van die Paltz as leerboek vir die skole opgestel. Dit het te Heidelberg, Duitsland ontstaan en is geskryf deur, onder andere, Zacharias Ursinus en Casper Olevianus in 1563. Dit is deur die sinode van Dordtrecht (1618 – 1619) aanvaar as een van die belydenisskrifte van die Gereformeerde kerke.

# Bybel Geskiedenis

## Lees Gen. 1 – 4 en beantwoord die vrae.

Vrae:

Skepping:

1. Wie het die hemel en die aarde geskape?
2. In hoeveel dae het God alles geskape?
3. Wat het God op die eerste dag geskape?
4. Op die tweede dag?
5. Op die derde dag?
6. Op die vierde dag?
7. Op die vyfde dag?
8. Op die sesde dag?
9. Wat het God op die sewende dag gedoen?
10. Hoe was alles wat die Here gemaak het?

Adam en Eva:

1. Waaruit het God die mens geskape?
2. Hoe het die Here vir die mens 'n vrou gemaak?
3. Hoe het die mens 'n lewende wese geword?
4. Na wie se beeld is die mens geskape?
5. Hoe was die name van die eerste mense?
6. Waar het hulle gewoon?
7. Wat het hulle in die paradys geëet?
8. Watter twee bome het ook in die paradys gestaan?
9. Van watter boom se vrugte moes die mens glad nie eet nie?
10. Wat sou met hulle gebeur as hulle daarvan eet?

Die Sondeval

1. Wat was die eerste sonde van Adam en Eva?
2. Was dit so groot sonde?
3. Wie het die mense tot die sonde verlei?
4. Wat het die slang vir Eva gesê?
5. Wat het die mense na die sondeval agtergekom?
6. Wat het hulle toe gedoen?
7. Kon hulle vir die Here wegkruip?
8. Wat het die Here toe met hulle gedoen?

9. Wat is die straf?
10. Hoe het die Here die slang gestraf?
11. Wat het die Here vir die mens belowe?
12. Kon Adam en Eva nog in die paradys bly?
13. Wie het gekeer dat die mense nie van die boom van die lewe eet nie?

<u>Kain, Abel en Set</u>

1. Het Adam en Eva kinders gehad?
2. Wat was die twee oudste seuns se name?
3. Wat was Kain se werk?
4. Wat was Abel se werk?
5. Wat het Kain vir die Here geoffer?
6. Wat het Abel vir die Here geoffer?
7. Waarom was Kain jaloers op Abel?
8. Hoe het hulle geweet dat die Here Abel se offer aangeneem het?
9. Wat het Kain met sy broer gedoen?
10. Wat het Kain geantwoord toe die Here hom gevra het waar sy broer is?
11. Wat het die Here met Kain gedoen?
12. Wat het Kain daarna gesê?
13. Wat het die Here toe aan Kain gedoen?
14. Hoe was Kain se kinders?
15. Watter seun het die Here vir Adam en Eva in Abel se plek gegee?
16. Hoe was set se kinders?

# Blokkiesraaisel 1.

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | | | | | 2 | | | | |
| 3 | | | | | | 4 | | | |
| 5 | | | | | | | 6 | | |
| 7 | | | | 8 | | | | | |
| 9 | | | | | | 10 | | | |
| 11 | | | | | 12 | | | | |
| 13 | | | | | | | | | |
| 14 | | | | | 15 | | | | |
| 16 | | | | | | 17 | | | |
| 18 | | | | | | | 19 | | |

Vul al die antwoorde dwars in. As jy die blokraaisel voltooi het, skommel die letters in die gekleurde blokkies, en kyk watter woord kry jy.

## Vraelys:

1. Wat is Set se seun se naam?
2. Wat het God die uitspansel genoem?
3. Uit Eden het 'n rivier gevloei, wat in vier lope verdeel het, die eerste een se naam was?
4. Hoe was die skepping gemaak?
5. Toe sê die mens: Dit is nou eindelik been van my gebeente en vlees van my vlees. Sy sal .... genoem word ...
6. "Want, het sy gesê, God het my 'n ander kind geskenk in die plek van Abel...." Wie was dit?

7. Uit wat het die Here die vrou gemaak?
8. Toe Adam en Eva sien hulle is naak, het hulle met vyeblare vir hulle wat gemaak?
9. "In die ..... het God die hemel en aarde geskape."
10. Die aarde was woes en ....
11. Wat was Kain se broer se naam?
12. Daarop sê Kain vir die HERE: My ..... is groot om dit te dra.
13. " 'n ..... en vlugteling sal ek op die aarde wees, en elkeen wat my kry, sal my doodslaan."
14. Wie was die eerste mense op aarde?
15. Wat is op die vyfde dag geskape?
16. "En na verloop van tyd het Kain van die vrugte van die land aan die HERE 'n ........ gebring"
17. Wie was Adam en Eva se eerste kind gewees?
18. Wat sal gebeur as Adan en Eva van die boom van kennis van goed en kwaad eet, hulle sal ......
19. Wie was die eerste vrou op aarde?

# GEMEENTE NUUS.

## Verjaarsdae:

- **10 Januarie – Willie van der Grijp.**
- **26 Januarie – Miana Retief.**
- **31 Januarie – Manie Earle.**